FINFLASH

FINFOCUS VERWELKOM CJ LE ROUX

CJ le Roux het op 1 Oktober 2022 by Finfocus aangesluit. Hy kom met 'n stel vaardighede waarby ons as Finfocus- kollegas en veral ook ons kliënte sal kan baat.

CJ het 'n Regsgraad (LL B) en 'n Meestersgraad in Kontrakreg (LL M). Verder is hy 'n toegelate prokureur en was ook 'n dosent aan die Universiteit van die Vrystaat (UOFS). Hy het 'n gevorderde nagraadse diploma in Finansiële Beplanning met spesialisasie in boedelbeplanning. Hy was vir die laaste 6 jaar 'n regsadviseur by Ou Mutual in Noordwes waar hy gespesialiseer het in finansiële reg, belastingadvies, boedelbeplanning en advies oor testamente.

Hy is nie net 'n CERTIFIED FINANCIAL PLANNER® praktisyn nie maar het ook die gesogte CFA (Chartered Financial Analyst) kwalifikasie behaal. Die Finfocus-beleggingskomitee is veral opgewonde om 'n CFA in ons midde te verwelkom en om in die toekoms te kan staat maak op sy insette.

CJ deel Finfocus se holistiese en omvattende benadering tot finansiële beplanning om die behoeftes en belange van kliënte vas te stel en aan te spreek. Met sy aanstelling as adviseur beoog Finfocus om nie net ons advies en finansiële dienste kapasiteit te vergroot nie, maar om ook meer komplekse boedelbeplanning en –bereddering asook belastingbeplanning aan ons kliënte te bied. Hierdie diens sal beskikbaar wees vir al ons kliente, want by Finfocus deel ons nog altyd graag kennis en gespesialiseerde diens en werk ons as adviseurs graag saam tot beswil van ons kliënte.

CJ is 'n ywerige sportman en pa van drie klein seuntjies. Hy en sy gesin semi-greer vanaf die Hartbeespoortdam in Noordwes en ons vertrou dat hulle vinnig en gelukkig in die Stellenbosch omgewing sal aanpas en inpas.

Kontak hom of jou huidige Finfocus adviseur gerus as jy belangstel in die addissionele dienste wat hy aanbied.

Kliek hier om kontak op te neem.

FINFOCUS
FINANCIAL PLANNERS